Bellville-Oos
GEREFORMEERDE KERK

8 November 2026

Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!

Die Boodskapper

Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) / admin@gkbo.org.za

Oggenderediens (9:00) : Ds Jaco Linde

Vooraf: Ps 26: 1 en 5 (2e melodie)
Votum en groetseën
Sing: Lied 200: 1,2,3
Geloofsbelydenis
Sing: Lied 440: 1 tot 4
Gebed
Wet van die Here
Sing: Ps. 19: 4,5 (Totius)

Woordbediening
Skrif: Num 11:24-29/Rom.1:18-23/Joh.1:1-14
Tema: *Die Profeet en die profete*
Gebed
Offergawe
Sing: Lied 524: 1,2,3
Uitstuurseën
Amen

English Service (16:30) : Rev Anton van Rensburg

Sing: O God, Our Help in Ages Past
Greeting and Benediction
Sing: Holy God, We Praise Thy Name
Crown Him With Many Crowns
Christ the Lord is Risen Today
Apostolic Creed
Ten Commandments

Scripture: John 5: 18-29
Theme: *To know Christ – not enough*
Prayer of Dedication
Sing: Before the Throne of God Above
Abide With Me
Amazing Grace
Benediction

Aanderediens (18:00) : Ds Brahm Robinson

Votum & Groetseën
Sing: Ps 96:1,2,6 & 7 (Totius)
Gebed
Sing: Ps 40:7 (Cloete)
Skriflesing: Efesiërs 5:1-5 **HK So32**
Tema: *Wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het.*

Gebed
Liefdegawe
Sing: Lied 530:1-3
Uitstuurseën
Amen: Sb 13-3

Waarvoor kan ons bid?

- Dat almal wat verkies is om te lei in die land, dit in diensbaarheid en tot eer van die Here sal doen.
- Vir al die skoolkinders en studente wat besig is met eksamen.
- Dat ons as GKBO 'n ligpunt sal wees in ons gemeenskap
- Dat die Here aan ons sal wys hoe ons sy Woord kan verkondig in ons gemeenskappe

Chri-sante: **Panorama en Louis Leipoldt:** Misha van Wyk: 084 899 5676

Alle Hospitale: Cornelia Jansen / **Cape Gate**: Ida v Dolderen

WEBTUISTE: https://www.gkbo.org

Ds Brahm Robinson:	064 656 1374	brahmrobinson@gmail.com
Ds Jaco Linde	062 552 5492	lindejaco@gmail.com
Kerkkantoor/whatsapp:	082 712 4629	admin@gkbo.org.za
Kassier:	083 659 1301	kassier@gkbo.org.za
Kosters: Elfriede / Melanie	083 636 9840 / 084 308 3118	koster@gkbo.org.za

KOLLEKTES: VANDAG : Diakonale Kas en Huis Boland
Sondag 15 November : Diakonale Kas en Teologiese Hulpfonds

	VANDAG:	**Sondag 15 November:**
Orrel:	Anna-Marie Alkema	Hettie Henning
Projektor:	Arne Singels	Phillip Venter
Teeskink:	GF01; GF02; BR4; DN1	GF03; GF04; DN2 en DN3
Parkeerterrein:	Müller Lourens	

KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG: Jan-Hendrik van Wyk en Jocelyn Venter
Sondag 15 November: Chris Venter en Andries van Heerden

DAGBOEK 08 November tot 15 November

VANDAG	Gebedsgeleentheid	Gebedskamer	8:30
Di 10/11	Griefshare sessie 13	GKBO konsistorie	9:30
	Griefshare Geselligheid	GKBO Kleinsaal	17:30
Sat 14/11	Susters Kenmekaar en skooltasprojek	GKBO Kerkgebou	09:00 – 12:00
Son 15/11	Katkisasie Afsluiting na die diens	GKBO Kerkgebou	10:00

o

Ma 09/11	Aand Bybelstudie (Eugene)	GKBO	19:00
Do 12/11	Studente Bybelstudie (Jaco)	Aan huis by Jaco	19:00

Kleuterkatkisasie:

Ons herinner graag ons ouers van jong kinders, veral ons nuwe lidmate, dat daar elke Sondagoggend tydens die kwartaal 'n kleuterkatkisasie vir kinders 3-6 jaar aangebied word. Die kinders leer van die evangelie op ouderdomsgepaste wyse. Die kleuterkatkisasie is in die eerste katkisasieklas in die agterste vierkant (by die glas sydeure voor by die saal langs die preekstoel.)

Griefshare:

Komende Dinsdagoggend 10 November, om 9:30, word **sessie 13** van die derde Griefshare program in die GKBO konsistorie aangebied.

Kerkkantoor:

Ds Brahm Robinson is hierdie week vanaf 9 tot 12 November in Potchefstroom vir 'n Kuratore Vergadering.

Lidmaatsake en Nuus

Meelewing:

Anna Kruger is verlede Sondag oggend oorlede. Die begrafnis vind komende Dinsdag, 10 November, om 10.00 by die Durbanville Memorial Park plaas. Ons wens die familie die vertroosting en nabyheid van die Here toe.

Ds Tshidiso Moletsane se broer is Woensdag oorlede. Ons bid vir hom en sy familie die vertroosting van die Here toe in hierdie bitter swaar en hartseer tyd. Our deepest condolences go to Rev Tshidiso with the loss of his brother on Wednesday. We pray that the Lord will wrap His loving arms around you and your family bringing you peace and healing that passes all understanding during this painful time of loss.

Hilda Willemse is in ICU Durbanville met hartprobleme en longontsteking. Sy is baie swak en broos. Bid asseblief vir haar in hierdie tyd van swaarkry.

Hennie Voigt is Donderdag in die oggend ure per ambulans gehospitaliseer. Daar word toetse gedoen om te bepaal wat die probleem is. Ons bid vir positiewe resultate en beterskap.

Wouter Grove ondergaan Maandag 'n nekoperasie in Cape Gate Medikliniek. Bid saam vir 'n geseënde operasie.

Verwelkoming:



Ons verwelkom vandag vir Charl Swanepoel by ons Gemeente.
Charl is afkomstig van NG Kerk Empangeni.
Hy is woonagtig in Durbanville.
Sy selfoon nommer is:
Ons vertrou dat GKBO vir jou 'n geestelike verrykende tuiste sal wees.
(persoonlike inligting is vir Popia wetgewing verwyder)

Dankie:

Liewe gemeente van Bellville-Oos baie dankie vir meelewing en besoeke van Ds Reinder en ds Brahm in die hospitaal dit was van groot betekenis. Spesiale dankie aan Maryke en Ursula wat ons kom bederf het. Marié du Plessis vir die opoffering by die hospitaal en bystand my woorde is min maar my dankbaarheid baie. Baie dankie vir almal se gebede dit het ons versterk en gedra deur 'n baie moeilike tyd.
Fanie en Ena Kruger.

Griefshare deelnemers kuier gesellig – 10 November!

Almal wat hierdie jaar aan die Griefshare program deelgeneem het, word hartlik uitgenooi om op Dinsdag, 10 November, vanaf 17:30 gesellig saam te kom kuier. Ons kom in die portaal en kleinsaal van die kerkgebou bymekaar. Ons gaan saam eet en weer lekker saam kuier. Indien jy 'n metgesel wil saambring is jy meer as welkom!
Ons stuur binnekort die finale reëlings aan julle via die onderskeie Griefshare whatsApp-groepe.
Vir enige navrae kontak gerus vir Reinder, Douw of Jaco.

Vrolike Veterane: vier dankbaar die jaar – 11 November

Die veterane beplan DV hul afskeidsbyeenkoms vir die jaar by Cape Garden Centre in Joostenbergvlakte, waar ons verlede jaar so lekker gekuier het. Kom geniet die pragtige blomme en plante. Ons kom op Woensdag 11 November daar bymekaar. Pensioenaristariewe geld op Woensdae in die restaurant.

Heelwat nuwe seniors het onlangs by ons kerk aangesluit. As jy nuut is in die Gemeente en vriende wil ontmoet, kom gerus saam.
Skakel soos gewoonlik vir Anton by 082 777 7599 of Hettie by 083 336 0012

Datum: Woensdag 11 November
Tyd en plek: 09.30 by die kerk vir saamry-reëlings en 10:00 by Garden Centre

Aankondiging: Kalah – ons nuwe amptelike platform

Kalah: GKBO se amptelike platform — en 'n geskenk vir die hele Gereformeerde familie

Die kerkraad het Kalah gekies as GKBO se amptelike platform. Dit is nie net ons webwerf nie: die lidmateregister, kommunikasie, diensbeurte, vorms en die gemeente se finansies word stap vir stap alles na Kalah oorgeskuif — een stelsel vir die hele gemeente.

Terselfdertyd is Kalah NPC gestig, 'n nie-winsgewende maatskappy wat Kalah aan elke Gereformeerde gemeente in Suid-Afrika beskikbaar stel — verniet, vir altyd. Geen intekengeld, geen vlakke, geen kontrakte nie.

Die direkteure is drie lidmate van ons eie gemeente: Gerrit van Milligen (diaken), Jan-Hendrik van Wyk (ouderling) en Attie Retief (stigter). Hulle dien sonder vergoeding.

Hoe jy kan help:
Besoek kalah.app en vertel ander Gereformeerde gemeentes daarvan — familie, vriende, jou vorige gemeente, die skriba of kassier wat jy ken. Elke gemeente wat oorskakel, spaar duisende rande per jaar en ontvang behoorlike gereedskap vir die werk van die kerk.

👉 **kalah.app** — verniet vir elke gemeente, altyd.

Borge en Bydraes:

1. Die reëlings vir die **Boland Hoërskool kamp** is in volle swang. Ons sien telkens die Here se seënende hand oor hierdie mooi inisiatief. Die ekonomie druk egter hard, en ons wil nie hê dat enige kind weens finansiële tekort die kamp nie kan bywoon nie. Ons vra dus indien enige lidmaat graag 'n bydrae wil maak om 'n kind vir die kamp te borg, met watter bedrag ook al, julle asseblief vir **Jaco Linde** sal kontak.

2. **CPM (Christian Prison Ministries)** wil graag vir elke student wat ons bedien iets spesiaals vir hierdie Kersfees gee. Indien u kans sien om 'n ***pak gewone wit A4 tikpapier*** te skenk, sal ons dit baie waardeer. U kan die papier in die voorportaal onder die groen CPM Leskissies neersit. Baie dankie dat u ook hier 'n verskil maak.

Die Skooltassie-Projek 2027:



Dit is weer tyd vir ons Skooltassie-Projek vir die 2027-skooljaar, waarmee ons die laerskoolkinders van Goliath Estate wil ondersteun.

Daar is tans ongeveer **65 kinders** van Graad R tot Graad 7, waarvan die meeste in Aristea Laerskool is. Soos die afgelope twee jaar, wil ons graag aan elke kind die belangrikste skryfbehoeftes vir die nuwe skooljaar voorsien.

Hierdie jaar gaan ons die skryfbehoeftes in grootmaat aankoop en volgens graad verpak. Die beraamde totale koste per kind beloop **R700 tot R800**. Ons benodig dus ongeveer **R50 000** om hierdie projek moontlik te maak.

Hoe kan jy help? Donasies kan in die volgende rekening inbetaal word:

Charitas GKBO NPC : Bank: FNB : Rekeningtipe: Gold Business Account
Rekeningnommer: 62752972573 : Verwysing: Skooltassie


Elke bydrae, groot of klein, help ons om hierdie kinders met die nodige skryfbehoeftes, hoop en selfvertroue toe te rus vir 2027.


Baie dankie vir julle ondersteuning en bereidwilligheid om saam met ons in hierdie kinders se toekoms te belê!


❤️ Groete, **Charitas GKBO**


Mediateek:


Bybelstudieboeke beskikbaar oor die Ou Testament:

















Klerebank:





Klerebank:

Dankie vir die skenkings van klere en linne wat ons die afgelope paar weke ontvang het.
Ons het geweldig baie skenkings ontvang.

Weens beperkte spasie versoek ons vriendelik dat die volgende items asb nie geskenk word nie:

- Hangers (dankie, ons het oorgenoeg)
- Enige winter klere
- Enige skooltasse, skryfbehoeftes en boeke (kontak gerus vir Charitas)
- Enige huishoudelike items asook kombuis items

Neem asb kennis dat die klerebank slegs die volgende items inneem om te sorteer en weer verder uitdeel en versprei:

- Babaklere, kinderklere en skoene
- Mans en damesklere
- Linne en beddegoed

GKBO Dankbaarheidsfees

Sluit by ons aan vir 'n aand van dankbaarheid en gesellige saamwees!

📅 **Datum: Saterdag, 28 November**
🕔 **Tyd: 17:00**
📍 **Plek: GKBO**
🍖 **Koste: R50 per persoon**
Feesmaal sluit in: spitbraai, bykosse & nagereg

RSVP teen 22 November (volg dié skakel of skryf jou naam op die lys in die voorportaal)

GK Stellenbosch bied aan :

Lewe in die Lig

Ligdraersdans

Alle studente en jongwerkendes !

Datum : 18 November
Tyd : 17:30 vir 18:00
tot 22:00
Venue : Kijk in de Pot
Koste : R350 (enkel)
R650 (dubbel)
Kleredrag : Formeel

"Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal beslis nie in die duisternis leef nie, maar sal die lig van die lewe hê."
~ Johannes 8:12

Kaartjie besprekings:

Om te bespreek: https://forms.gle/TQe6Wk3nnj25ZRwR7

Bolandkamp 2026

Egte geloof in ‘n kunsmatige wêreld



Graad 8 - 12's | 2 - 6 Desember
Disakloof Kampterrein, Bettysbaai

**Hierdie advertensie is gemaak deur ‘n mens*

Inskrywingsvorm

Jy word uitgenooi na die

susters van Bellville-Oos se

KEN-MEKAAR

&

SKOOLTASSIE - PROJEK

-HELP TERWYL JY KUIER!-

ONS PAK SKRYFBEHOEFTES VIR
61 BEHOEFTIGE KINDERS VIR
LAERSKOOL ARISTEA

14 November

9-12 vm

Kerk se saal

Bring asb 'n bordjie eetgoed saam!



Hier is die skakel om plek te bespreek:

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeU_aGhvI4HyO0hR648qomHhHdouIUvhfLOc8QuBASrOfx6GA/viewform?usp=sharing&ouid=115055624015156791864

GKBO Susters: jonk en nie meer so jonk..

Daar is heelwat van ons susters wat nog nie op die Susters Whatsapp-groep is nie. Ons wil baie graag ieder en 'n elk kan bereik, betrek en bedien. Skandeer die onderstaande QR kode of gebruik die Whatsapp-groep skakel.



Susters whatsapp groep: https://chat.whatsapp.com/Li6sRsiiD4Q5IyrAX6PVel

GKBO Kommunikasiekanale:

Die gemeente het verskeie kommunikasiekanale vir die vinnige verspreiding van inligting.
Die Whatsapp kanale is nie kletsgroepe nie en **slegs *admins* kan boodskappe versprei**.

Algemene Gemeente boodskappe: (Slegs lidmate)
https://chat.whatsapp.com/EYzxKzkVq7LIg02GtRv1dq

Kontaknommer vir die kerkkantoor: Jenny Wendt 082 712 4629

Bybelse Berading:

Kyk gerus op ons webtuiste www.gkbo.org na die volledige inligting.

Cherie Fourie : Epos: cherie@abbo.org.za; Selfoon: 083 522 7667
Fokusareas: Vroue en kinders, egskeiding, dood, rou, huwelik, mishandeling, aftrede, konflik, skolastiese vordering, selfbeeld en identiteit.

Eugene Viljoen : Epos: emyn04@gmail.com; Selfoon: 084 023 8239
Fokusareas: Algemene etiese vraagstukke insluitend seksualiteit en geslagtelikheid, genadedood, selfdoding, reg en geregtigheid, lewenseinde, huwelik, egskeiding, hertrou en huwelikvoor-bereiding.

Hennie Kruger : Epos: henniekruger73@gmail.com; Selfoon: 072 320 8170
Fokusareas: Finansiële Rentmeesterskap, rou en verliesverwerking, konflik en verhoudings.

Vorster Combrink : Epos: vorster@abbo.org.za; Selfoon: 082 872 9725

Fokusareas: Huwelik, ouer-kind-verhoudings, trauma (akuut, kronies, seksueel, post trauma); verslawings (verhoudings; middels; voedsel; geld; seks)

Verjaarsdae: 8 – 14 November



Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar.
Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.
(persoonlike inligting is vir Popia wetgewing verwyder)

Sondag	08/11	ALBERTS	BREED	GF02	
	08/11	**INA**	**ERASMUS**	**DN1**	
	08/11	**GERHARD**	**KRIEK**	**EV4**	
	08/11	**YVONNE**	**SMITH**	**BR2**	
	08/11	MARELIZE	VAN REE	GF23	
Maandag	09/11	RONELL	BLIGNAUT	KU2	
	09/11	GERRIT	VAN MILLIGEN	GF23	
Dinsdag	10/11	MAGDA	HOON	VR4	
	10/11	**MARIANNE**	**SILVIS**	**OA1**	
Woensdag	11/11	JANU	BIJZET	BL2	
	11/11	PETRI	KRUGER	KR1	
Donderdag	12/11	LEANNé	BOTHA	GF06	
	12/11	**TRUUS**	**KLOMP**	**GF20**	
Vrydag	13/11	LOUIS	DE SOUZA	KE1	
	13/11	FREDDIE	DU PREEZ	KU1	
	13/11	JOHAN (JR)	MALAN	DN2	
	13/11	JM	VAN DER WALT	GF08	
Saterdag	14/11	STEF	PRETORIUS	GF32	
	14/11	ANDRIES	VAN HEERDEN	GF02	

GKBO-Inligting

Eredienstye: **(Somer) 09:00 & 18:00 (Sep – Apr)** (Winter) 09:30 & 18:00 (Mei – Aug)
English Service: 16:30
Kerkkantoor: 08:30 – 14:00
admin@gkbo.org.za ☎ 082 712 4629
kassier@gkbo.org.za ☎ 083 659 1301

Ds. Brahm Robinson	brahmrobinson@gmail.com	☎ 064 656 1374
Ds. Jaco Linde	lindejaco@gmail.com	☎ 062 552 5492
Ds. Reynold Fourie	fouriereynold@gmail.com	☎ 084 707 6276
Ds. Reinder Kingma	reinderkingma@gmail.com	☎ 084 827 2443
Skriba: Hessel Dijkstra	skriba@gkbo.org.za	☎ 082 785 5193
Koster: Elfriede Coetzee	koster@gkbo.org.za	☎ 083 6369 840

Bankbesonderhede : GK Bellville Oos : ABSA : 1450 340 029 : Takkode 632005
Bydraes kan ook per debietorder of Zapper betaal word. Skakel met die kassier of die kerkkantoor vir 'n Bydraevorm
Besoek ons webwerf by www.gkbo.org